**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 868/2007

In die saak tussen:

**HESTER MAGDALENA GELDENHUYS** Applikante

en

**JURIE JOHANNES GELDENHUYS** Respondent

---

**CORAM:** VOGES, WND R

---

**UITSPRAAK:** VOGES, WND R

---

**GELEWER OP:** 3 MEI 2007

---

Die applikant en die respondent is met mekaar getroud, buite gemeenskap van goedere.

Sedert huweliksluiting het die partye saamgewoon en ook bates bekom. Onder andere is 'n skildery van Adriaan Boshoff aangekoop en is dit gemene saak dat die respondent daarvoor betaal het.

Dit is ook gemene saak dat hierdie skildery in die sitkamer van die partye se gemeenskaplike woning gehang het. Die applikant is die geregistreerde eienaar van hierdie woning.

Nadat die applikant en die respondent gesamentlik tot die slotsom gekom het dat hul huwelik onherstelbaar verbrokkel het, het die respondent die gemeenskaplike woning op of omtrent 3 of 4 Januarie 2007 verlaat.

Aanvanklik het hy slegs klere en toiletware met hom saamgeneem. Ongeveer 14 Februarie 2007 het hy ook meublement, huishoudelike ware en sekere skilderye uit die applikant se woning geneem nadat hy en die applikant daartoe ooreengekom het.

Op ‘n latere stadium is die respondent terug na die woning en het hy die genoemde Adriaan Boshoff-skildery verwyder en na sy nuwe woonplek geneem.

Op versoek van die applikant het haar regsverteenwoordiger op 28

Februarie 2007 die regsverteenwoordiger van die respondent geskakel en gevra vir die teruggawe van die skildery. Die respondent het geweier om dit aan haar terug te besorg.

Hierdie optrede van die respondent het daartoe gelei dat die applikant die hof genader het vir 'n bevel *nisi* ingevolge waarvan die respondent opgeroep was om redes aan te voer waarom 'n bevel nie gemaak sal word nie:

"2.1 Wat die respondent gelas om die Adriaan Boshoff olieverfskildery van drie kinders by die see, groot ongeveer 1 m x 1,2 m, wat deur die respondent uit die applikant se woonhuis verwyder is, sonder versuim en onmiddellik aan die applikant te oorhandig.

2.2 Wat die respondent gelas om die koste van die aansoek te betaal soos op die skaal tussen prokureur en kliënt.

2.3 Dat sodanige verdere en/of alternatiewe regshulp aan die applikante toestaan word as wat die Agbare Hof goed dink.

3. Dat bede 2.1 sal geld as 'n tussentydse interdik met onmiddellike werking hangende finalisering van die aansoek.

4. Dat hierdie bevel asook die kennisgewing van mosie en applikante se funderende beëdigde verklaring so spoedig moontlik aan die respondent persoonlik beteken word."

Die applikant se aansoek was as dringende aansoek aangehoor en 'n bevel *nisi* uitgereik wat gevolg gegee het aan bedes 2.1, 2.2, 3 en 4, *supra*, met die uiteindelike (verlengde) keerdatum 26 April

2007.

Bogenoemde feite wat gemenesaak is, blyk uit die applikant se funderende en repliserende beëdigde verklarings, sowel as die respondent se opponerende verklaring.

Met die applikant se spoliasie-aansoek wat op 'n dringende basis gebring en aangehoor was, kan geen fout gevind word nie. Dit was inderdaad die remedie tot haar beskikking. Die beginsel word uiteengesit in **<u>ROSENBUCH v ROSENBUCH AND ANOTHER</u>** 1975 (1) SA 181 (WLD) op 183F:

> "In principle a joint possessor who has been deprived of his share of the possession of something should be entitled to the remedy of a spoliation order if the other factors requisite for such relief are present"

Die applikant het op 'n oorwig van waarskynlikhede aangetoon dat sy in ongestoorde besit van die betrokke skildery was en dat sy van daardie besit ontneem is.

Die respondent se beroep op eienaarskap van die genoemde skildery is geen verweer nie, soos blyk uit **<u>ROSENBUCH v</u>**

**ROSENBUCH**, *supra* te 182H – 183 A:

> "It is well settled … that it is no defence to a claim for a spoliation order that the respondent is or was the owner of the property taken. If it was in the possession of the applicant and was illicitly removed from his possession without his consent a mandament van spolie will be granted on the principles laid down in the case of Nino Bonino v De Lange 1906 TS 120"

Eienaarskap is 'n vraag wat tydens die egskeidingsgeding beslis behoort te word. Sien **COETZEE v COETZEE** 1982 (1) SA 933 (CPD).

Die vraag wat beantwoording verg, is of die ontneming van die skildery deur die respondent onregmatig was.

Die respondent beroep hom op die toestemming van die applikant, sy dit direk of by implikasie. Hy voer naamlik aan dat die applikant hom uitdruklik aangesê/toegelaat het om sy eiendom met hom saam te neem en dat sy spesifiek teenwoordig was toe hy die gewraakte Boshof-skildery op 23 Februarie 2007 verwyder het. Hy wys ook daarop dat dit onwaarskynlik is dat sy die skildery eers

op 27 Februarie 2007 sou vermis, terwyl dit gemene saak is dat sy gedurende die naweek van 23 – 25 Februarie 2007 nie uitstedig was nie.

Die applikant betwis ten sterkste dat sy uitdruklik toestemming verleen het en voer verder aan, en word daarin gestaaf deur Me Johanna Pickard, dat sy nie teenwoordig was toe die respondent op 23 Februarie 2007 by die huis van die applikant was nie.

Dit blyk nie uit die stukke dat die respondent meer as een maal op 23 Februarie 2007 by die huis van die applikant was nie. In die lig van die stawende bewering van me Pickard het die applikant daarin geslaag om aan te toon dat die skildery in haar afwesigheid uit die huis verwyder is.

Die respondent se bewering dat die applikant uitdruklik sou toegestem het dat hy die Boshof-skildery mag neem, druis in teen die waarskynlikhede: dié skildery was nie saam met ander, waartoe die applikant toegestem het, by mekaar neergesit en op dieselfde geleentheid verwyder nie. Dit het teen die muur bly hang.

Terwyl die applikant die respondent toegelaat het om sekere ander skilderye, waarvan sommige deur haarself betaal is, te verwyder, het sy onmiddellik stappe geneem toe sy die Boshof-skildery

vermis het.

Dit is ook op waarskynlikhede aangetoon dat die ooreenkoms tussen die applikant en die respondent met betrekking tot die neem en gebruik van bepaalde bates deur die respondent ‘n tussentydse reëling was en nie bedoel was om ‘n finale verdeling van bates te wees nie.

Op die stukke voor my blyk die applikant se feitebeweringe nie inherent ongeloofwaardigheid te wees nie en is ek van mening dat ‘n finale bevel verleen kan word. Sy het daarin geslaag om aan te toon dat haar besit van die skildery haar onregmatig, sonder haar toestemming, ontneem is.

Die eienaarskap van die genoemde skildery blyk in geskil te wees en sal tydens die egskeidingsgeding bepaal moet word. Gevolglik is ek van mening dat die koste van hierdie geding behoort oor te staan om deur die verhoorhof bepaal te word.

Bygevolg slaag die aansoek van die applikant.

Die bevel *nisi* word bekragtig en die respondent word gelas om binne 3 dae na die betekening van hierdie bevel op hom die Adriaan Boshof-skildery van drie kinders by die see aan die applikant te oorhandig.

Die koste van hierdie aansoek sal koste in die hoofgeding wees.

**M. VOGES, WND R**

Namens die appellante: Adv. M.J. Möller
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. S. Grobler
In opdrag van:
Myburgh & Jordaan Ing.
BLOEMFONTEIN

MV/sp